Wilgenhof-Manskoshuis, Stellenbosch

Saterdag 10 Maart 2002

# *Die Tradisionele Wilgenhof en die Handves van Menseregte*

OPMERKINGS

deur

Edwin Cameron

Hoogste Hof van Appèl, Bloemfontein

---

***PRIVAAT EN KONFIDENSIEEL***

---

1 Dit is vir my 'n groot eer om genooi te word om weer in Wilgenhof te kom praat, en ek wil vir dié wat hierdie geleentheid gereël het bedank vir hulle moeite.

2 Ek hoop dat die onderwerp van my praatjie nie te erg misleidend is nie. Dit laat my dink aan 'n groot ATKV-vergadering wat in my tweede jaar (1974) gehou is: *Aborsie – Politiese, Etiese en Ginekologiese Aspekte*. Groot sprekers – Nasionale Party politikus; dekaan van mediese fakulteit; asook 'n jong vooruitstrewende professor in die regte, Prof Andreas van Wyk. Rondom hierdie tyd het Spekkies Slabber en Brenton Geach besluit om 'n jukskei-vereniging te stig. Niemand was seker of hulle ernstig was of nie, maar hulle het wel gereël om ter bevordering van hulle veldtog by elke koshuis middagete gaan eet – veral die dameskoshuise. Toe

besluit hulle dat ‘n groot openbare vergadering ook nodig was om die nuwe vereniging van stapel te stuur. Hul plakkate: *Jukskei: Politiese, Etiese en Ginekologiese Aspekte*.

3 Miskien sal van julle dink dat ‘die tradisionele Wilgenhof’ so ver verwyder is van die Handves van Menseregte as jukskei van die ginekologie of etiek. Hopelik is dit egter nie so nie, en kan ons vanoggend hieroor ‘n nuttige gesprek voer.

4 Alhoewel ek gevra is om oor die toekoms te praat, wil ek met ’n storie uit die verlede begin. Dit bevat ‘n paar lesse (so lyk dit my) oor hóé ons die Grondwet en Wilgenhof se huidige uitdagings oor sy tradisies moet benader.

5 JvonB, derde jaar tokkelok – onverwagte en onwelkome nuus gekry: sy verloofde is verwagtend. Geweldige implikasies: moes Stellenbosch en Wilgenhof verlaat, studies prysgee: maar, ergste van als, sy roeping as predikant. Het toe besluit hy wil ten alle koste die Huis toespreek; eintlik aangedring om die manne toe te spreek. Dit was na sy laaste middagete in die plek. Sy ouers sou hom onmiddellik na die maaltyd kom haal. Steek toe nogal ‘n geweldige toespraak af voor die manne. Het redelik uitvoerige onderwerpe aangespreek: oor die versoeking en die sonde, en sy eie verval daarin; oor die noodsaaklikheid van self-beheersing en die beteueling van onvanpaste impulse; oor die moontlikheid van redding en die skadelikheid van seks en die kwaadaardige versoekings van die skonere geslag.

6 Toe Bakkies klaar was het die manne nie eintlik geweet wat om te sê nie. Sommiges het gedink dat die praatjie ongevraagd en

onvanpas was. Ander het gevoel dat hy almal onnodiglik in die verleentheid geplaas het met sy prekie.

7 Daar was toe 'n stilte in die eetsaal. Gelukkig of ongelukkig staan Rocco Nel toe op: [ … en maak 'n voorstel oor self-verminking … ].

8 Watse grondwetlike en sosiopolitiese lesse hou hierdie verhaal vir ons in? –

- dat ons nie ons self moet gaan afsny of andersins vermink net omdat daar nuwe uitdagings voor ons staan nie;

- dat om iets wat waardevol is te behou hoef mens nie alles prys te gee nie; maar dat daar soms minder ekstreme uitweë is wat met vindingrykheid aangepak kan word.

9 Dié wat wanhopig voel oor Wilgenhof se tradisies omdat daar nuwe verbiedinge oor ontgroening is, en 'n nuwe dringendheid oor die toepassing daarvan is, wil die ekwivalent van Rocco Nel se raad volg. Dit moet ons ten alle koste vermy.

10 Laat ons begin by die feite: En die grootste en belangrikste feit is dat die Wilgenhof wat ons al die jare ken, die Wilgenhof waarvoor ons lief geword het en waarop ons trots is en vir die goeie waardes en tradisies waarvan ons ons wil beywer, voor onge-ewenaarde uitdagings staan.

- Daar is ongekende druk op alle opvoedkundige instellings, veral universiteite, om alle vorms van ontgroening te verbied.

- Die Minister van Opvoeding het verlede maand by Wits[1] hom ten sterkste uitgespreek teen die 'flagrante tradisies van ontgroening' by tersiere instellings, wat hy 'barbaric' genoem het. 'The initiation tradition has been characterised by violent abuse.' Die oorsprong daarvan het hy herlei na 'the culture of domination now totally condemned by provisions of our new Constitution.'

- Die nuwe Rektor hier op Stellenbosch, Prof Chris Brink, het reeds tydens sy aanstellingsproses duidelik te kenne gegee dat hy ontgroening sterk teenstaan.[2] Voor die huidige akademiese jaar begin het, het hy 'n brief gerig aan alle inwonende hoofde en huiskomiteelede. Hierin het hy 'n verskil tref tussen ontgroening, waar iets **aan** 'n nuwe student gedoen word – wat verbied word – en verwelkoming, wat dienslewering beoog, waar iets wat *vir* nuwe studente gedoen word.[3] Hierdie brief het hy minder as twee weke later opgevolg met 'n skrywe aan alle studente waarin hy dit duidelik stel dat 'enige vorm van ontgroening net eenvoudig nie die toets van verdraagsaamheid en onderlinge respek slaag nie.'[4] Intussen het hy by die amptelike opening van die Universiteit sy standpunt soos volg gestel: 'I am totally and unequivocally opposed to any practices where

---

[1] Speech of Tuesday 5 February 2002, reported in *Sowetan Education* Friday 8 February 2002.

[2] Chris Brink, 'My viewpoint on initiation', 17 October 2001, available at http://www.sun.ac.za/rector/ontgroenpolicy.html

[3] Letter of 25 January 2002 (obtained from author by private communication).

[4] Letter of 5 February 2002 (obtained from author by private communication).

newcomers are abused, humiliated or coerced into submission … I am committed to a process of eradicating such practices from our campus.'[5]

- Die nuwe Rektor se algemene standpunt kan natuurlik nie losgemaak word van die soeklig wat verlede jaar op Wilgenhof in besonder geval het nie, en die dramatiese gebeure waar die Huiskomitee en Nagligte voor 'n tugkomitee gedaag is nie.

- Daar word bv redelik algemeen aanvaar dat die geval wat die Rektor in sy openingstoespraak beskryf het, nl die van "John Smith", uit Wilgenhof gekom het, en dat hy Wilgenhof as voorbeeld gebruik het van onaanvaarbare "structural violence" op Stellenbosch. Uit die "John Smith"-geval het hy afgelei dat ongewensde ontgroeningspraktyke steeds op Stellenbosch plaasvind, en dat in die koshuise daar nog dwangmetodes toegepas word wat vernedering, intimidasie, fisiese geweld en inperking van basiese vryhede insluit.

- As die Rektor wel Wilgenhof in gedagte gehad het, dan het hy op grond van die inligting in "John Smith" se leer, afgelei dat die Nagligte optree "in the style of security police".

- Hierdie is aantygings en afleidings is vir ons as Wilgenhof skokkend, en tereg so. Hulle is uiters ernstig, en behoort

---

[5] 'Speech at the Official Opening of the University, 2002', 30 January 2002, available at http://www.sun.ac.za/rector/speech2002.html

ons tot verdere self-ondersoek te dwing. En terwyl dit plaasvind ons kan nie twyfel dat by die verbod op ongewenste praktyke die aller-noukeurigste soeklig op Wilgenhof sal bly nie.

11 Ons moet verder verstaan dat die Minister en die Rektor se standpuntinname plaasvind teen die agtergrond van belangrike verwikkelinge op nasionale vlak.

12 EERSTENS is daar ons nuwe grondwetlike bestel, wat die waardes van menswaardigheid en persoonlike vryheid en sekuriteit en gelykheid voorstaan.

13 Die Grondwet is van toepassing op alle staatsorgane asook sover paslik op ander instellings (art 8(2)). Universiteite word duidelik nie gevrywaar nie.

14 In ieder geval, in ‘n land waar ons op soveel vlakke en op soveel wyses van mekaar verskil – etnies, kultureel, taal- en rasgewys – is die waardes in die Grondwet ons belangrikste gemeenskaplike bate, en die onontbeerlike fondament waarop ons toekoms as Suid-Afrikaners gebou moet word.

15 Die Grondwet moet ook ons beginpunt wees by die betragting van die tradisionele Wilgenhof.

16 Hierdie benadering word in besonderhede uitgedra en toegepas in die onlangse verslag van die Menseregte-Kommissie (Oktober 2001)[6] wat soos volg aanbeveel (para 49): ‘A distinction should … be drawn between orientation,

---

[6] South African Human Rights Commission *Report into Initiation Practices at Educational Institutions and a Preliminary Report on Cultural Initiations* (October 2001).

where dignity is enhanced as students are advised, guided and mentored; and initiation, where dignity is diminished as students are bullied, embarrassed and alientated.' Die verslag sluit af (para 70): 'The practice of initiation seeks to undermine the intrinsic worth of human beings by treating some as inferior to others. Initiation practices undermine the values that underpin our Constitution. Initiation therefore impedes the development of a true democratic culture that entitles an individual to be treated as worthy of respect and concern. Initiation practices should accordingly be abolished and prohibited at all educational institutions.'

17 Die ondersoek waaruit die verslag voortspruit is geloods nadat 'n tweedejaar-student uit Huis Visser, Charl Strydom, verlede jaar in 'n padbotsing gesterf het, nadat hy saam met ander tweedejaars kilometers ver (en skamel geklee) in die donker afgelaai is en sy weg moes terugvind koshuis toe.[7] Dit is sulke sinnelose en vernederende – en klaarblyklik gevaarlike – praktyke wat tot volkome geregverdige kritiek aanleiding gee.

18 TWEEDENS vind die debat plaas teen die agtergrond van hernude nasionale besinning oor die betekenis van universiteits-outonomie. Ons kan nie bekostig om te onderskat wat vir universiteite hier op die spel is nie. In die MRK-verslag word daarop gewys dat die Minister regulasies ten aansien van skole kan uitreik (paras 34-36), maar dat die 1997-wet[8] hom geen sodanige magte verleen nie – omdat dit universiteite

[7] See SAHRC Report para 11; Andrew Donaldson 'It's time to stop this cycle of abuse on campuses' *Sunday Times* 14 October 2001.

[8] Higher Education Act 101 of 1997.

toelaat om 'relatively autonomous' te bly. Die verslag voeg egter dan by: 'Therein, therefore, lies the dilemma in respect of those institutions who as regulators of their own rules of conduct for staff and students actively condone or offer a deaf ear to initiation practices that violate the rights of students.' (para 37)

19 In hierdie 'dilemma' waarop die verslag wys lê inderwaarheid 'n uiteindelike moontlike dreigement vir universiteite opgesluit. Dit kan soos volg uitgespel word: as universiteite nie self daadwerklik optree teen ongewensde praktyke nie, dit 'n verdere bron van aanvalle op hulle outonomie kan word.

20 Daar is dus op nasionale vlak, vir alle universiteite, heelwat op die spel. Daar is intense druk op universiteite om hulle benutting van openbare befondsing te regverdig; om hulle strategiese doelwitte en dienslewering aan die publiek in die openbaar gestand te doen; en om hulle toelatingskriteria vir studente en aanstellingsmaatstawwe vir personeel aan te pas in die lig van grondwetlike doelstellings.

21 Geen universiteit kan dus bekostig om 'n verdere stok aan kritici te verskaf deur onregverdigbare en onverdedigbare praktyke op kampus toe te laat nie.

22 Dit geld miskien nog meer vir Stellenbosch, wat volgens Prof Brink 'sal verkies om 'n oorwegend Afrikaanse universiteit te bly'.[9] Waar die algemene neiging is om Engels voor te staan as die enigste taal van tersiere onderrig, is Stellenbosch

---

[9] Speech at Official Opening of the University, 30 January 2002: 'We will prefer to remain a predominantly Afrikaans university.'

ongetwyfeld kwesbaar in hierde voorkeur, en kan hy allermins bekostig om hom verdere openbare kritiek op die hals te haal.

23 Dit is veral so waar die subteks van die Minister se verwysing na 'n nou verworpe 'culture of domination', en die MRK se waarneming oor on-demokratiese praktyke, is dat dié in 'n uitgediende etos van *Afrikaner*-dominansie te vinde is. Die brousel (Afrikaans, Afrikaner, dominansie, anti-demokrasie, ongroening) is gevaarlik, en ons moet dit goed besef.

24 Wat is hieruit vir die tradisionele Wilgenhof af te lei? Afhangende van mens se uitgangspunt, meen ek dat daar beide 'slegte' en goeie nuus is.

25 Laat ek begin by die 'slegte nuus'. En dit is dat ek meen dat dit die Rektor se erns is om onaanvaarbare praktyke uit te roei, en dat hy hierin nie net in die beste belang van Stellenbosch optree nie, maar ook in navolging van 'n openbare en amptelike klimaat wat onmiskenbaar is.

26 Hier moet mens uit die staanspoor toegee dat vergrype in die verlede tydens inlywingsprosesse plaasgevind het, en dat hulle weer in die toekoms kan gebeur. Ons beskou Wilgenhof tereg as spesiaal. Ons wil glo dat sy Doop bedoel is om gedissiplineerd en doelgerig te wees, en dat dit onder strenge toesig plaasvind. Ons glo ook dat dit nie gerig is op sinnelose vernedering en magsuitoefening nie. Maar in die huidige klimaat is dit onvermydelik dat *alle* koshuis-tradisies uiters krities beskou gaan word, en dat almal ingeperk gaan word totdat daar eenvouding geen gevaar meer bestaan van vergrype nie.

27 Dit beteken dat as ons dit wat goed is in Wilgenhof se tradisies wil red en daarop voortbou, ons ons praktyke radikaal sal moet aanpas by die onvermydelike grondwetlike waardes waarvan toepassing nou geverg word.

28 Hulle is hoofsaaklik twee. Die eerste is VRYWILLIGE DEELNAME. Hier se die Rektor tereg dat mens nie met semantiek moet speel nie.[10] Vrywillig beteken vrywillig. Daar kan nie strawwe wees vir nie-deelname aan iets wat as vrywillig voorgehou word nie.

29 Die gevolg is dat deelname aan beide die Doop en die Naglig-dissiplinestelsel *'n keuse* moet wees wat elke inwoner vrywillig kan uitoefen. Dit beteken dat nie-deelnemers nie op enige vlak gepenaliseer mag word nie, bv deur uitsluiting van koshuisgeriewe of koshuisvoordele. Hulle mag slegs uitgesluit word van dit waarvan hulle vrywillig kies om nie deel te wees nie, naamlik die betrokke aktiwiteit self.

30 En ons sal moet voorsien dat daar wel mense sal wees wat sal verkies, en sal kies, om nie deel te neem nie. Vir hulle sal daar, om te bewys dat die keuse wat aan hulle gestel word nie net 'n skyn is nie, 'n parallelle stelsel van werklike verwelkoming en dissipline moet geskep word – een wat geen nadeel vir hulle inhou nie.

31 En dit bring my by die tweede praktiese gevolg: INGELIGTE TOESTEMMING. Dit is 'n elementêre beginsel dat 'n mens nie kan toestem tot iets wat jy nie volledig verstaan nie. Jy kan nie

[10] Speech at Official Opening of the University 30 January 2002.

instem tot iets waarvan die implikasies nie aan jou uitgespel is nie.

32 Om dus vrywillig deel te neem aan die Doop sal elke eerstejaar in redelik uitvoerige detail moet ingelig word waarvoor hy homself inlaat. Dit sluit in enige praktyke – ‘surprises’ – waarteen dit moontlik is dat hy later mag beswaar maak. Sonder om so ingelig te word, kan hy nie vooruit geldiglik toestem tot deelname nie.

33 So ook met die Nagligte-dissiplinestelsel. Ek kan geen rede sien hoekom ‘n eie en unieke stelsel van tugoplegging en toepassing nie aanvaarbaar kan wees nie, mits deelname daaraan werklik vrywillig is nie. Vir dié wat nie wil deelneem nie, sal ‘n aparte – en volkome billike – tugstelsel moet bestaan. En daardie stelsel mag geen beduidende nadeel bevat vir die wat daardie keuse uitoefen nie.

34 En nou vir die goeie nuus, Menere. Ek is persoonlik van mening dat Wilgenhof se tradisies selfs binne hierdie raamwerk behou kan word en kan floreer. Daardie tradisies steun sterk op inherent gesonde waardes: onafhanlike denke, nie-napratery, insluiting van almal, en respek vir almal.

35 My eie ervaring van Wilgenhof-doop was dat dit streng-gedissiplineerd, effektief, doelgerig, nie-vernederend, opbouend *en bowenal baie snaaks* was. Maar dit was 30 jaar terug: dit was die jaar na ‘n student in Huis Marais, Johannes Pfuhl, sy nek in ‘n slootjie-seremonie gebreek het. Hy het ten spyte van sy verlamming saam met ons in ons vierde jaar graad gekry – twee jaar later as wat hy sou, sonder die

ongeluk. En hy moes sy graad op die verhoog kom kry in ‘n rystoel. Hy het ‘n staande toejuiging gekry van die res van ons en ons ouers; maar die geleentheid het nietemin ‘n bittersoet smaak gelaat.

36 Dit is as gevolg van hierdie tragedie, glo ek, dat Christoff Pauw, ons Primarius, en Nikki Brink, ons doopkaptein, uiters streng opgetree het teen enige doellose vernedering of fisiese aantasting. Van enige hardhandigheid was daar geen sprake nie. Maar kan ons dieselfde sê van elke Doop sedertdien? Is ons ook so seker dat die moontlikheid van vergrype genoegsaam voorsien is?

37 En ek glo vas dat ons Doop 30 jaar terug nie in die geringste onder die uitermate streng toesig en suiwer dissipline wat toegepas is, gely het nie. Inteendeel, ek glo dat ons eerstejaars-groep beter voorstaanders van die Doop was omdat ons nie sinnelose vernedering en fisiese ongerief daaronder gely het nie.

38 Self is ek volkome verras deur die Doop. En ek het niks geweet van die Nagligte nie. Maar baie van my tydgenote het wel geweet. Hulle was nie minder lojale of geesdriftige Wilgenhoffers nie. Dit beteken dat verrassing en onkunde nie onontbeerlik is vir die voortbestaan van ons tradisies nie.

39 Maar verlede jaar se tragedie dwing ons tot nóg dringender vraestelling: het Johannes Pfuhl dertig jaar voor Charl Strydom se dood sy nek verniet gebreek?

40 Tot my persoonlike kennis het nie alle Wilgenhoffers die Doop

as opbouend of insluitend ervaar nie. Een het vir my ‘n e-mail gestuur waarin hy beskryf het hoe die Doop vir hom ‘n negatiewe ervaring was wat hom kwesbaar gemaak het en sy self-beskouing verlaag het.

41 Die huidige stand van die debat sê vir ons baie duidelik dat sulke mense met waardigheid en sonder straf, direk of indirek, toegelaat moet word om hulle gang te gaan in Wilgenhof sonder om onderwerp te word aan die Doop of ander praktyke waaraan hulle nie kies om deel te neem nie.

42 Die onderliggende vraag wat ons onsself moet afvra is of ‘n praktyk ooit waardevol kan wees wat op dwang berus en op die onkunde staatmaak van dié wat onderwerp word daaraan. Sommiges sal antwoord dat ons dikwels iets nie wil doen nie, maar nadat ons gedwing is om dit te doen, ons die waarde daarvan agterna insien.

43 Die vraag is egter is of ‘n tersiêre instelling die regte plek is vir sulke onvrywillige praktyke en vir so ‘n paternalistiese benadering. En die antwoord is duidelik Nee.

44 Ons kan spesiaal namens Wilgenhof pleit, en daarop wys dat ons tradisies meer sin het, beter toegepas word en dat daar strenger toesig is by ons. Maar die feit is dat die klimaat van onvrywilligheid gee aanleiding tot vergrype elders: in kort, tot die pleeg van ‘structural violence’; en solank dít die geval is, kan ons nie een maatstaf vir Wilgenhof bepleit en ‘n ander vir elders nie.

45 Breër gesproke moet ons as Wilgenhoffers dus vra: Sal daar

weer oor dertig jaar ‘n tragedie wees waar ‘n lewe vermink of vernietig word, omdat sinnelose magsuitoefening, dwang en vernederende en doellose praktyke gedoog word?

46 Wilgenhof is in ‘n veel beter posisie as enige ander koshuis op Stellenbosch – enige ander instelling by enige Universiteit, glo ek – om die huidige krisis te oorleef en sterker anderkant uit te kom.

47 Hier wil ek beklemtoon dat die huidige debat ‘n *debat* is. Die pendulum kan (en sal waarskynlik) nog terugswaai. Die MRK-verslag praat self immers met goedkeuring van ‘effective orientation processes’, wat aangemoedig moet word ‘to ensure that students from all backgrounds are quickly integrated into learning and social activities.’ Die verslag sukkel ook opsigtelik om nie ‘n eierdans te moet voer nie oor ‘cultural initiations’.[11]

48 Wat egter bo twyfel seker is, is dat die pendulum nie kan terugswaai na magsmisbruik, vernedering, intimidasie, geweld en sinnelose swaarkry as deel van koshuistradisies nie. Dit kan ons – en wil ons – *self* nie toelaat nie.

49 By die voortsetting van hierdie debat kan ons egter met reg klem lê daarop nie net dat volwassenes met volle besef van hul menseregte en met volle behoud van hulle menswaardigheid mag toestem tot deelname aan praktyke en gewoontes wat vir ander mag vreemd voorkom nie – maar dat sulke eiesoortige

---

[11] PART B – ‘Cultural Initiations and Human Rights’, paras 76-91. The Report here recommends ‘that the Department of Education convene an indaba in which all the relevant stakeholders participate to develop a legal framework which the organisers of intiation schools have to comply with’, and promises that the SAHRC ‘will continue to be seized of this matter and enhance this preliminary report’.

praktyke ‘n instelling en ‘n kultuur kan verryk.

50 Dit glo ek kan met reg van Wilgenhof se beste tradisies en gewoontes gesê word.

51 Wilgenhof se kernwaardes glo ek is nie onversoenbaar nie met die waardes waarvan agting nou afgedwing word nie. In teendeel, ons het ons altyd geroem op ons onafhanklikheid van denke, op nie-naprratery, op die kritiese denke, politiese vryheid en openlike bespreking wat plaasvind in die Plek.

52 Ek het onlangs vir Franklin Sonn, hoof van die Mandela Trust, weer ontmoet en vir hom herinner waar hy vir die eerste keer op ‘n Afrikaanse kampus kom praat het. Dit was in 1973, in Wilgenhof se Common Room, voor die Wilgenhof-Besprekingsklub. Ons moes spesiale toestemming van die Administrasie kry om vir hom en sy broer Julian hier te kan onthaal; verlof is spesifiek geweier om hulle vir middagete [soos andersins die gewoonte was] te nooi. Die broers Sonn was, glo ek, die eerste swart sprekers op ‘n Afrikaanse kampus, en hulle het in Wilgenhof gepraat, daarby nogal vuriglik. Franklin het die geleentheid met plesier onthou.

53 Nog ‘n voorbeeld van die onafhanklike denke wat in Wilgenhof gekweek word is die stemming ten gunste van volledige oopgooi van die koshuis vir alle rassegroepe in 1983. Daar het Wilgenhof alleen gestaan onder die Stellenbosse koshuise. Sulke standpuntinname is egter ‘n integrale deel van die tradisies waarop ons ons tereg roem.

54 En as ons as Wilgenhoffers daarby ‘n waarde wil heg aan gemeenskaplikheid en saamstaan en groepsaktiwiteite, op mekaar ken en groet, aan samehorigheid en lojaliteit en aan trots in Wilgenhof en in Wilgenhofferwees, dan kan dit nie wil hê dat dit die gevolg moet wees nie van gedwonge deelname en implisiet gewelddadige gesagstrukture nie. Inteendeel: dit moet voortspruit uit die spontane begeerte om deel te hê aan ‘n tradisieryke instelling wat, soos ons al te goed weet, ontsaglik baie bied aan sy inwoners. Dit moet ons strewe vir die toekoms wees.